higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N6

(Eerste vraestel)

(9090176)

4 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

222Q1J2104

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N6
(Eerste vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
3. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Definieer die volgende:

1.1.1 Sinusitis

1.1.2 Miokardiale infarksie

1.1.3 Hemorroïede

1.1.4 Menopouse

1.1.5 Septisemie

1.1.6 Narkolepsie

1.1.7 Lumbale punksie

1.1.8 Epistakse

1.1.9 Gravida

1.1.10 Tinnitus

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is./Gee 'n rede vir die antwoord.

1.2.1 'n Geringe wond kan dodelike bloeding tot gevolg hê vir iemand met hemofilie.

1.2.2 Antibiotika is effektief teen virusse.

1.2.3 Antibiotika is nuttig vir die behandeling van griep.

1.2.4 Antibiotika kan die immuunstelsel verswak.

1.2.5 'n Kursus antibiotika moet voltooi word, selfs nadat die pasiënt beter voel.

1.2.6 Superkieme is die gevolg van die misbruik van antibiotika.

1.2.7 Amenorree is pynlike menstruasie.

1.2.8 Dismenorree is ongereelde menstruasie.

1.2.9 Essensiële hipertensie het geen bekende oorsaak nie.

1.2.10 Nie-identiese tweelinge word uit een bevrugte eier gevorm.

(10 × 2) (20)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B


Beantwoord slegs DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem DRIE toestande wat die verspreiding van siektes in gemeenskappe bevorder. (3)

2.2 Noem VIER simptome van inflammasie. (4)

2.3 Identifiseer en verduidelik die soort verlamming wat deur elk van die skadu-areas (A–D) in die onderstaande afbeelding voorgestel word. Skryf slegs die soort verlamming en die verduideliking daarvan langs die letter (A–D) in die ANTWOORDBOEK neer



Aangepas van https://www.ndprivatelimited.com/userview/view_treatment.aspx?pid=86

(4 × 2) (8)

2.4 Wat is die voordele van borsmelk vir babas? (5)

[20]

VRAAG 3

3.1 Noem SEWE maniere om die eienskappe van pyn te beskryf. (7)

3.2 Beskryf die noodbehandeling vir neusbloeding. (8)

3.3 Hoe kan die regering help om die verspreiding van siektes in Suid-Afrika te voorkom? (5)

[20]

VRAAG 4

4.1 Noem SEWE toestande wat tans in Suid-Afrika rapporteerbaar is. (7)

4.2 Noem AGT tekens of simptome wat daarop dui dat mangels verwyder moet word. (8)

4.3 Verduidelik hoe bakterieë voordelig kan wees vir ons gesondheid. (5)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem SEWE toestande wat die vermeerdering van patogene bevorder. (7)

5.2 Wat kan 'n vrou doen om die risiko van komplikasies tydens swangerskap te verminder? (8)

5.3 Gee 'n opsomming van die wet op aborsies in Suid-Afrika. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou